

INFANTICARE

Caring Stimulation Education

## VERTROU DEUR OUERS VIR MEER AS 21 JAAR!

### INLEIDING

Infanticare is 'n kleuterskool vir kinders vanaf **3 maande tot 5 jaar.** Die doelwitte van Infanticare is om eksklusiewe versorging en onderrig aan hierdie kinders te bied en nie bloot net dagsorgfasiliteite aan te bied nie. **Klem word veral op stimulering en onderrig van kinders geplaas**, en om bogenoemde te bereik, bestuur professionele, opgeleide persone Infanticare. Infanticare bied 'n **huislike, warm omgewing** aan u kind waar sy/hy emosionele sekuriteit sal ervaar en 'n gelukkige, gestimuleerde kind sal wees.



## LIGGING

**Infanticare Moreleta** is geleë in Rubensteinweg 553, Moreletapark.
**Tel: 012-997 2911**

**Infanticare Menlopark** is geleë in Andersonstraat 352, Menlopark.
**Tel: 012-460 7400**

## OPERASIONELE TYE

**Maandag – Vrydag: 07:00 – 18:00**
Desembermaand: Infanti sluit op 13 Desember 2024 en heropen weer op 13 Januarie 2025. Infanticare is gesluit op openbare vakansiedae. Junie/ Julie vakansie is ons net vir een week gesluit.

## BUITE AKTIWITEITE:

Buite aktiwiteite:
**A+ Wiskunde** (Semas) word deur buite fasiliteerders op die terrein by Infanticare aangebied. (Direkte betaling aan die fasiliteerder)
**Wetenskapklassies** gekoppel aan ons weeklikse program ook aangebied deur eksterne Verskaffers
**Playball:** Balspel klasse & **Ballet:** Dansklasse.

## MAALTYE:

**Twee gebalanseerde maaltye** (ontbyt en middagete) word verskaf
Verversings verskaf deur ouers vir twee geleenthede per dag.

## ANDER PROFESSIONELE DIENSTE

Indien nodig sou blyk, sal bykomende professionele dienste **(arbeidsterapeut, fisioterapeut, opvoedkundige sielkundige, spraakterapeut ens.)** aan u kind gebied word in oorleg met die ouers.

## VERSLAGGEWING VAN VERSORGING, ONDERRIG EN ONTWIKKELING

**Daaglikse skriftelike verslaggewing van babas se versorging** (tot en met 12 maande) Twee jaarlikse verslag van peuters (18 maande – 5 jaar)

INFANTICARE

Caring Stimulation Education



## SIEKTES

Ons sou verkies dat siek babas verkieslik nie die skool sal bywoon vir die tydperk wat hulle nie gesond is nie ten einde moontlike oordrag van infeksies te beperk en verhoed.

## PERSONEEL

**Die verhouding per baba in baba-afdeling is 4 babas per versorger. By ons peuters is daar vir elke 5 peuters 'n versorger.**

**Ons klasse is klein vir infeksie kontrole, vir assesering & mylpale.**

Personeel in ons skole beskik oor relevante opleiding en ervaring. Spesifieke tersiêre opleiding in kleuteronderwys en in verwante beroepe soos opvoedkundige sielkunde, verpleegkunde en maatskaplike werk of soortgelyke opleiding word as geskikte opleiding vir onderwyspersoneel beskou. Indiensopleiding vir versorgers vind deurlopend plaas met betrekking to versorging en stimulering van kinders.

Hul staan onderwyseresse by in hierdie taak. Bywoning van opleidingskursusse en seminare word van die personeel verwag. 'n Administratiewe dame vir die vlot verloop van alle aspekte van ons skool, is essensieël. Huishoudelike personeel vir instandhouding van perseel en skoonmaak/kombuisdienste is belangrik in ons skole.

Indien u enige navrae het, is u welkom om ons te skakel.

**Infanti-groete!**

INFANTICARE

Caring Stimulation Education

